Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# VERBRUIKERSTUDIES MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

## VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | A | dat dit nie nodig is om groot hoeveelhede geld rond te dra nie. | (1) |
| | 1.1.2 | C | die item te betaal terwyl dit in die winkel bly. | (1) |
| | 1.1.3 | B | Dit help jou om die spandeer van jou geld te kontroleer | (1) |
| | 1.1.4 | D | Kredietburo | (1) |
| | 1.1.5 | B | Ouderdom, geslag en gesondheidstoestand | (1) |
| | 1.1.6 | A | ragitis. | (1) |
| | 1.1.7 | C | Verlaag die cholesterolvlak | (1) |
| | 1.1.8 | D | Vitamien C | (1) |
| | 1.1.9 | A | Warm kleure en diagonale lyne | (1) |
| | 1.1.10 | D | Aaneenlopende lyn | (1) |
| | 1.1.11 | A | Oranje, groen, pers | (1) |
| | 1.1.12 | D | Radiale balans | (1) |
| | 1.1.13 | B | oop | (1) |
| | 1.1.14 | B | duursaam en maklik om skoon te maak. | (1) |
| | 1.1.15 | C | verseker dat fisiese gemak volgehou word. | (1) |
| | 1.1.16 | D | Lees die kontrak en waarborg voordat jy op krediet koop | (1) |
| | 1.1.17 | C | verseker dat hy die korrekte hoeveelheid produkte verkoop. | (1) |
| | 1.1.18 | A | se produkte meer effektief produseer wees as sy kompeteerders. | (1) |
| | 1.1.19 | C | ŉ produk idee te evalueer. | (1) |
| | 1.1.20 | B | ŉ onbevredigde behoefte in die markplek bevredig. | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | C | ŉ Minimum openingsdeposito van R0 tot R50 | (1) |
| | 1.2.2 | G | Word gebruik as belegging; geld kan nie onttrek word nie | (1) |
| | 1.2.3 | F | ŉ Minimum balans van R1 000 moet ten alle tye beskikbaar wees | (1) |
| | 1.2.4 | E | Geld word vir ŉ vaste periode met hoë rente belê | (1) |
| | 1.2.5 | B | Bank bied lae rente plus oortrokke fasiliteite | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | D | Belangrik vir goeie sig | (1) |
| | 1.3.2 | B | Reguleer die vloeistofbalans in die selle | (1) |
| | 1.3.3 | E | Stel energie van koolhidrate, proteïene en vet vry | (1) |
| | 1.3.4 | G | Bou sterk tande en bene | (1) |
| | 1.3.5 | A | Vorm deel van ensieme en insulien | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 | vloerplan | | (1) |
| | 1.4.2 | argitek | | (1) |
| | 1.4.3 | verkeerpatroon | | (1) |
| | 1.4.4 | oriëntasie | | (1) |
| | 1.4.5 | sone | | (1) |
| 1.5 | 1.5.1 | toon | | (1) |
| | 1.5.2 | Embossering | | (1) |
| | 1.5.3 | Waarde | | (1) |
| | 1.5.4 | Sanforisering | | (1) |
| | 1.5.5 | Harmonie | | (1) |
| | | | | **[40]** |

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Definieer die term *begroting*.**

- ʼn Begroting is ʼn skatting van jou inkomste en uitgawes ✓ oor ʼn periode van tyd. ✓

**OF**

- ʼn Gedetailleerde ontleding van jou totale inkomste ✓ en beplande uitgawes vir ʼn spesifieke periode. ✓ (2)

2.2 **Verduidelik wat vaste uitgawes is.**

- Vaste uitgawes – uitgawes wat gewoonlik weekliks of maandeliks betaal word. ✓
- Spesifieke gereelde bedrae wat gewoonlik ʼn kontrak of ʼn ooreenkoms byvoorbeeld huur, skoolfooie, mediese skema, versekering, motorpaaiemente, meubelpaaiemente en huislening. ✓ (2)

2.3.1 **Beskryf VYF maniere hoe ʼn begroting ʼn gesin kan help met hulle finansies.**

- Dit help om jou uitgawes te verminder. ✓
- Dit help om doelwitte vir jou en jou familie te stel. ✓
- Dit help in noodgevalle. ✓
- Dit voorkom dat jy in ernstige skuld beland. ✓
- Dit plaas jou in beheer van jou geld.✓
- Dit leer jou waarde van geld. (Enige 5 x 1) (5)

2.3.2 **Identifiseer die gesin se bronne van inkomste**.

- Salaris ✓
- Pensioen ✓
- Besigheidswins (Enige 2 x 1) (2)

2.3.3 **Bespreek VYF faktore wat die gesin se bestedingspatroon beïnvloed**

- Huishoudelike samestelling ✓ – Mnr. en Mev. Abrahams en die ouma dra by tot besteebare inkomste✓
- Finansiële hulpmiddels en besteebare inkomste ✓ – daar is ʼn vaste inkomste. ✓ Besigheidsinkomste en kredietkaart. ✓
- Behoeftes ✓ – koop handelsnaamklere/kos van Woolworths/dobbel/vakansie by die see/eet gereeld uit. ✓
- Behuising ✓ – bly in ʼn duur behuisingskompleks
- Ligging ✓ – duur behuisingskompleks
- Voorkeure✓ -– koop organiese kos en handelsnaam klere

(Enige 5 x 2) (10)

2.3.4 **Verduidelik die nadele van die gesin deur gebruik te maak van die kredietkaart op klere, organiese kos en vakansies.**

- Die bank trek die persentasie op die verkope bedrag voordat die besigheid betaal word. ✓
- Hoë rente word betaal. ✓
- Kan ŉ finansiële las word omdat dit jou meer in die skuld sit. ✓
- As jy geld by ŉ OTM op die kredietkaart trek sal jy hoë rente betaal. ✓
- Laat betaling van paaiemente sal lei dat jou naam op die swartlys geplaas sal word. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.4 **Analiseer die voordele van die ouma se spaarrekening.**

- Die fondse is altyd tot jou beskikking. ✓
- Kan enige tyd addisionele deposito's maak. ✓
- Kan kompeterende rente verdien. ✓
- Kan rente na ŉ ander rekening oordra. ✓
- Rente verdien word op ŉ daaglikse basis bereken en herbelê. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

2.5 2.5.1 **Verduidelik wat ŉ *piramideskema* is**.

Op vlak 1 betrek ŉ persoon vier mense om hom geld te betaal. ✓ Die vier mense moet nog elk vier persoon betrek om geld te betaal, ens. Gedeelte van die geld gaan na die eerste persoon. ✓ (2)

2.5.2 **Gee TWEE redes waarom Mnr. Abrahams nie by die piramideskema moet aansluit nie.**

- Wanneer persone aan die onderkant nie nuwe mense kan kry nie, sal die skema ineenstort ✓ en mense wat aan die onderkant van die skema is, sal al hulle geld verloor.
- Piramideskemas is verbied in Suid-Afrika (Seksie 43 van die Verbruikersbeskermingswet) (2)

**[30]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Lys VIER funksies van proteïene**.

- Dit vorm deel van alle liggaamselle, weefsel- en bloed-ensieme, antiliggaampies, naels, vel, hare en sekere hormone. ✓
- Dit word benodig vir groei, herstel en beheer van liggaamweefsel. ✓
- Dit voorsien energie as daar ʼn tekort aan koolhidrate en vette is. ✓
- Dit help om die vloeistofbalans in die liggaam te behou. ✓ (4 x 1) (4)

3.2 **Gee DRIE redes waarom te veel stysel in ʼn dieet nie aanvaarbaar is nie.**

- Oortollige koolhidrate kan word in vet omgesit. ✓
- Te veel suiker kan lei na vetsug en tandverrotting. ✓
- Te veel suiker maak jou versadig, dus eet jy minder voedsame kos, byvoorbeeld vrugte en groente. ✓ (3 x 1) (3)

3.3 **Verduidelik waarom ʼn persoon wat gewig wil verloor nie alle stysel uit hul dieet moet uitsluit nie.**

- ʼn Dieet met ʼn tekort aan stysel mag lei tot ʼn gebrek aan energie. ✓
- Proteïene mag gebruik word om energie te verskaf, maar weefsel kan nie opgebou word nie. ✓
- Die liggaam benodig stysel vir normale oksidasie van vette in die liggaam.
- Stysel bevat vesel wat ʼn gevoel van versadiging gee.
- Stysel vertraag die leegmaak van die maag; dus help dit om gewig te verloor. (Enige 2 x 1) (2)

3.4 **Vergelyk die voedingsbehoeftes van ʼn kleuter met die voedingsbehoeftes van ʼn jong volwassene.**

| **Spesifieke voedingsbehoeftes** | | **Kleuter** | **Jong volwassene** |
|---|---|---|---|
| 3.4.1 | Proteïene | Inname moet voldoende wees om groei te verseker ✓ | Inname moet voldoende wees om groei te onderhou ✓ |
| 3.4.2 | Yster | Voedsel sal genoeg yster voorsien ✓ | Hoëyster behoeftes – verhoging in bloedvolume✓ |
| 3.4.3 | Kalsium | Word benodig vir mineralisering van bene ✓ | Benodig meer kalsium – groei vinniger ✓ |

(6)

**LET WEL: Moet in tabelvorm wees; -1 as dit nie in tabelvorm is nie.**

Kopiereg voorbehou 

3.5 3.5.1 **Verduidelik wat *fortifiseer* is**.

Dit is die byvoeging ✓van vitamiene en minerale by voedsel. Die byvoeging van vitamiene en minerale mag nie in die natuurlike vorm verskyn nie. ✓ (2)

3.5.2 **Identifiseer die broodrolletjies wat die meeste energie verskaf. Gee redes vir jou antwoord**.

Broodrolletjies – wit, hoog in proteïene sal die meeste energie verskaf ✓omdat dit 1 146 kJ verskaf, vetinhoud is 2,4 ✓ en die koolhidrate is 47,8. (4)

3.5.3 **Beveel broodrolletjies aan wat die mees geskikste is vir ’n groeiende kind en gee ’n rede vir jou antwoord.**

Broodrolletjies (wit), hoë proteïene ✓ verskaf 11,7 g proteïene per 100 g/bevat die meeste proteïene. ✓ (2)

3.5.4 **Gee redes waarom die regering besluit het om broodmeel te fortifiseer**.

- Meeste families wat nie genoeg geld het om kos te koop nie gaan honger, dus koop hulle broodmeel. ✓
- Die gefortifiseerde brood sal energie en mikro-nutriënte aan kinders verskaf ✓ dus verander dit die algemene gesondheid van die bevolking. ✓
- Baie mense glo tuisgebakte brood kan as hulle stapelvoedsel dien. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

3.6 **Beskryf hoe kruiskontaminasie in die kombuis plaasvind**.

- Gekontamineerde voedsel mag spat of drup op ander voedsel. ✓
- Bakterieë kan oorgedra word deur ongewaste hande van werkers, klere van werkers, lappe wat gebruik word om oppervlakte of apparate af te was. ✓
- Wanneer rou en gekookte voedsel voorberei word op dieselfde oppervlakke, snyplanke en skottelgoed wat nie gewas is nie. ✓
- Wanneer handvatsels van yskasdeure deur nie-ongewaste hande aangeraak word. ✓ (4 x 1) (4)

3.7 **Verduidelik waarom mense wat met voedsel werk, beskermde klere moet dra**.

- Voorwerpe soos byvoorbeeld ✓ hare, vingernaels, ringe, oorbelle en pleisters mag in die voedsel val en dus die kos kontamineer.
- Dra toe skoene – beskerm teen brand. ✓ (2)

3.8 **Evalueer die geskiktheid van onderstaande resep vir ’n bejaarde persoon**.

Bejaarde persone:
- Ervaar tandprobleme wat probleme met kou ✓ veroorsaak, bv. ʼn maalvleis-pastei en kapokaartappels vereis nie baie kou nie (sagte voedsel vereis nie baie kou nie). ✓
- Het ’n verhoogde risiko ✓ vir hipertensie – baie min sout is in hierdie resep gebruik (moontlik weggelaat of vervang met kruie)
- Het spysverteringsprobleme ✓ – tamaties, uie en aartappels bevat vesel wat sal help met vertering van voedsel in die dunderm.
- Ervaar ʼn verlaging in spiersterkte – die maalvleis voorsien proteïene wat nodig is vir die opbou van weefsels en spiere. ✓
- Die resep bevat proteïene, vitamiene, koolhidrate en vet/goed gebalanseerd/ nutriënte digtheid – bejaardes benodig verskeidenheid nutriënte om gesond te bly. ✓ (Enige 8 x 1) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1.1 **Identifiseer die fokuspunt van uitrusting.**

- Die valletjie op die skouer. ✓
- Die gordel (Enige 1 x 1) (1)

4.1.2 **Gee TWEE maniere hoe harmonie in die ontwerp verkry is**.

- Ontwerp op die materiaal is klein wat in harmonie is met die liggaamsgrootte van die draer is/staan nie uit nie om ʼn illusie van groot proporsie te skep nie. ✓
- Die valletjie op die skouer is nie te groot nie – dit is in harmonie met die rok en liggaamsgrootte. ✓ (2)

4.1.3 **Identifiseer tipe balans**.

Informele balans ✓ (1)

4.2 **Identifiseer die kleurskema**

- Monochromatiese kleurskema ✓
- Analogiese kleurskema ✓
- Komplementêre kleurskema ✓
- Dubbele-komplementêre kleurskema ✓ (4)

4.3 4.3.1 **Identifiseer die tipe lyn in die prent geïllustreer.**

- Horisontale lyne ✓ (1)

Kopiereg voorbehou 

4.3.2 **Bespreek die effek van hierdie lyne op die liggaam**.

- Horisontale lyne maak dit wyer ✓ – dus vertoon die bo-gedeelte wyer/groter. ✓
- ʼn Persoon met breë skouers sal breër vertoon. ✓ (2)

4.3.3 **Identifiseer die weef-konstruksiemetode:**

(a) **T-hemp materiaal** – weef ✓ (1)
(b) **Denim materiaal** – keper weef ✓ (1)

4.3.4 **Vergelyk die kleedstof eienskappe van die uitrusting. Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK.**

| **Kleedstof eienskappe** | | **T-hemp materiaal** | **Denim** |
|---|---|---|---|
| (a) | Duursaamheid | T-hemp materiaal is nie so duursaam nie. Dit kan leer as dit deur ʼn skerp voorwerp getref word. ✓ | Denim is duursaam en sal langer hou. ✓ |
| (b) | Gemak | T-hemp materiaal is gebrei en rek volgens liggaamsmate dus baie gemaklik. ✓ | Rek denims (spesialiteitsdenim) is baie gemakliker om te dra as want dit rek met liggaamsmassa. ✓ |
| (c) | Dimensionele stabiliteit | Die T-hemp mag langer en breër word as dit gewas word. ✓ | Denim is baie stabiel en sal nie van vorm verander nie. ✓ |

(6)

**LET WEL: Nie in tabelvorm nie -1 punt.**

4.3.5 **Verduidelik wat *sanforiseer* beteken**.

Sanforiseer – gewoonlik aangewend op natuurlike ✓ vesel (katoen) het die neiging om te krimp as dit gewas word. Alkalië en stoom word toegepas op die kleedstof om te rek en te krimp. ✓ Sanforiseerde kleedstof sal nie meer as 2% krimp as dit gewas word nie. ✓ (3)

4.4 **Verduidelik waarom antibakteriese afwerking op kouse en aktiewe drag aangewend word**.

Bakteriese groei mag voorkom wanneer ʼn persoon sweet ✓ en die antibakteriese afwerking sal die groei van mikro-organismes ✓ voorkom/ weerstaan. (2)

4.5 **Eienskappe van figuur vorme**

| FIGUUR VORME | | EIENSKAPPE | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.5.1 | Driehoek of A-vorm | (a) | Bors, middellyf is breër as die heupe ✓ | |
| | | (b) | Skouer-lyn wat hang/klein middellyf ✓ | (2) |
| 4.5.2 | Reghoek of H-vorm | (a) | Reguit en afwaartse vorm/gemiddelde tot groot middellyf/klein tot medium buuste ✓ | |
| | | (b) | Bors, heup en middellyf dieselfde wydte/reguit torso ✓ | (2) |
| 4.5.3 | Appel of Ovaal-vorm | (a) | Groot buuste/ronde middellyf area/breë heupe ✓ | |
| | | (b) | Breë bors en skouers/goeie proposionele liggaam/medium tot breë middellyf en heupe ✓ | (2) |

**[30]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Lys DRIE tipes kunsmatige beligting wat in die huis gebruik word**.

- Algemene beligting ✓
- Taak beligting ✓
- Dekoratiewe beligting of aksentbeligting ✓ (3)

5.2 **Bespreek DRIE faktore wat 'n gesin met klein kinders in gedagte gehou moet word wanneer meubels aangekoop word vir hul leefkamer**.

- Die meubels moet sterk en duursaam wees om slytasie te hanteer. ✓
- Die meubels moet maklik skoongemaak kan word – klein kinders kan. ✓

(Enige 3 x 1) (3)

5.3 **Verduidelik wat 'n persoon in gedagte gehou moet word m.b.t.**:

5.3.1 **Ekonomiese aspekte**

- Die huis moet bekostigbaar wees. ✓
- Hou in gedagte toekomstige uitbreidings om aan die veranderde behoeftes van die gesin te voldoen of dit bekostigbaar sal wees. ✓ (2)

5.3.2 **Beskikbare bergingsplek**

- Sien dat daar voldoende gerieflike en toeganklike berging is. ✓
- Bergingspasie moet regdeur die huis geïnkorporeer wees. ✓ (2)

5.4 **Verduidelik hoe Abigail ontwerpelemente kan gebruik om die huis te verbeter. Skryf jou antwoord in paragraafvorm**.

Hou die meubels in proporsie met die kamer. ✓ Vermy groot meubelstukke. Rangskik meubels so na as moontlik aan die muur om spasie in die middel te skep. ✓ Gebruik analogiese kleurskema van ligte kleure vir mure en vloere. ✓ Moenie voorwerpe soos koffietafel of 'n mat in oop spasie plaas nie.
(Enige 3 x 1)

Vir 'n lae plafon verf wit of 'n ligte kleur. ✓ Maak gebruik van vertikale lyne vir muurbedekkings. Gebruik ritme vir dekoratiewe items sodat dit die oog ✓ dwing om te beweeg van die vloer na die plafon. 'n Suidfront kamer is koud en donker, ✓ kan 'n warm atmosfeer geskep word deur warm kleure of 'n kombinasie te gebruik. (Enige 3 x 1)
**LET WEL: Nie in paragraafvorm -1.** (6)

5.5 **Noem DRIE verantwoordelikhede wat 'n verbruiker moet hê voordat meubels gekoop word.**

- Vergelyk pryse by verskillende winkels voordat jy koop om te verseker dat jy nie te veel betaal by die een winkel nie – kry 'n goeie kopie. ✓
- Vergelyk jou begroting met die prys (ingesluit verborge koste) om te verseker dat jy genoeg geld het om vir die meubels te betaal. ✓
- Lees die kontrak en waarborg deur sodat jy seker is van jou regte. ✓
- Vind 'n winkel met 'n goeie reputasie om te verseker dat jy nie jou geld verloor nie. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

5.6 5.6.1 **DRIE basiese sone van 'n huis**

- Werk-area ✓ − kombuis
- Rus-area ✓ − slaapkamers en badkamers
- Sosiale area ✓ − sitkamer en eetkamer (3)

5.6.2 **VYF simbole**

Bad, ✓ toilet, ✓ wasbak, ✓ stort, ✓ deure ✓ vensters ✓ en stoof ✓
(Enige 5 x 1) (5)

5.6.3 **Is dit 'n oopplan of 'n geslote plan? Gee 'n rede vir jou antwoord**.

Geslote plan ✓− Die huis is verdeel in verskillende kamers. ✓
Elke vertrek het 'n deur wat die vertrek afsluit van ander vertrekke. ✓ (3)
**[30]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Lys DRIE faktore wat 'n winsgewende besigheid beïnvloed**.

- Passie ✓
- Produk/diens ✓
- Kompetisie ✓
- Prys ✓
- Teikenmark ✓
- Kapasiteit en vermoë ✓
- Ligging, omgewing, ekonomie ✓ (Enige 3 x 1) (3)

6.2 **Verduidelik wat *produkspesifikasie* is**.

Dit is 'n geskrewe beskrywing van 'n item/produk, ✓ insluitende detail van die grootte en voorkoms. ✓ Dit moet al die bestanddele, komponente en apparaat wat nodig is vir die produksie van die item/produk beskryf. ✓ (3)

6.3.1 **In watter stadium van die produksie-lewenssiklus is hulle besigheid**?

- Bekendstellingsfase ✓ (1)

6.3.2 **Oorhoofse koste**

- Huur ✓
- Vervoer ✓
- Verpakking ✓ (3)

6.3.3 **Komponente van die bemarkingsmengsel**.

- Produk ✓– koekvurkies met krale handvatsels ✓
- Prys ✓ – mededingende prys ✓
- Plek ✓ – plaaslike vlooimark ✓
- Promosie ✓ – adverteer op Facebook ✓
- Persone ✓ – kliënte wat na die vlooimark kom ✓ (5 x 2) (10)

6.3.4 **Verduidelik hoe hierdie besigheid 'n kompeterende voordeel het bo ander koekvurkie verkopers**.

- Die koekvurkies het krale handvatsels. ✓
- Dit het verpakking. ✓
- Adverteer op Facebook. ✓ (3)

6.4 **Berekeninge:**

6.4.1 **Produksiekoste** = R3,50 + R2,00 + R1,20
= R6,70 ✓ (1)

6.4.2 **Verkoopprys vir 1** = R6,70 x 60/100 ✓ = R4,02 ✓
R6,70 + R4,02 = R10,72 ✓ (3)

6.4.3 **Verkoopprys vir 100** = R10,72 x 100 ✓
= R1 072,00 ✓ (2)

6.4.4 **Wins**
(Verkoopprys – Produksiekoste = Wins) ✓
R1 072,00 – R670,00
= R402,00 ✓ (2)
**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou